

16 MAART

SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 7:7-12
FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 7:11

Bid vir die goeie gawes

Wanneer ons hierdie gedeelte lees, kan daar baie vrae oor ons gebede by ons ontstaan, vrae soos: “Hoekom verhoor die Here nie my gebede nie?” of: “Ek het al die Here iets gevra en dan het Hy vir my iets heeltemal anders gegee, hoekom?”

In hierdie teksgedeelte wat oor gebedsverhoring handel, is dit (soos altyd) belangrik om die gedeelte in die konteks van dit wat vooraf gesê is, te lees. In hoofstuk ses leer Jesus sy dissipels om vir hulle skatte in die hemel bymekaar te maak. Ons moet met ander woorde ons hele wese rig op dit wat vir ons voorlê in die ewige lewe. Vrae soos die volgende moet ons nie vra nie: “Wat sal vir my die gerieflikste wees?” of: “Wat het ek nou die meeste nodig?” Wanneer ons vir ons hemelse skatte bymekaar maak, is die eerste vraag wat ons moet vra: “Wat sal die beste wees vir die bevordering van die evangelie van Jesus Christus?” Ons moet ons afvra: “Sal dit wat ek wil hê of dit wat ek wil doen, tot eer van God se naam wees?”

Ons is nie hier op aarde vir ons eie gewin nie, ons is hier as dienaars van God. Daarom moet ons alles wat ons doen, vir ons Koning doen. Wanneer ons lewens só op God gerig is, dan sál God vir ons gee wat ons vra, want dit wat ons dan sal vra, is dinge wat ons kan help om die koninkryk van God te bevorder. Kom ons vra die Here vir hierdie *goeie* gawes (Luk. 11:13). Dan sal Hy soos wat Hy beloof, ons gebede verhoor.

Sing: Skrifberyming 28a/10-1

Ds Paul de Bruyn (Daniëlskuil/Delportshoop)